Publication: Die Burger (Oos Kaap)
Date: 28 Mar 2017
Page: 10

# Vroue in 'n land van roofdiere



**Vlugskrif**
Amanda Gouws

By 'n onlangse werksessie oor seksuele geweld het iemand vir studente gevra wat hulle doen voordat hulle in die aand uitgaan.

Die meeste van die vroue het gesê hulle maak seker hulle het hul pepersproei, hulle loop nie alleen nie, hulle vermy sekere onveilige plekke en loop nie daar verby nie, en hulle probeer altyd om vooraf vervoer terug te reël.

Die meeste van die mans by die werksessie het gesê hulle vat hul sleutels en gaan by die deur uit.

Dít is wat dit beteken om die prooi te wees van mans wat soos roofdiere optree – 'n mens moet heeltyd op jou hoede wees.

Sonder eie vervoer word vroue dikwels gedwing om taxi's te gebruik. Hierdie week het ons gelees hoe die roofdiere in sommige taxi's al 'n jaar lank vroue beroof en verkrag.

Dit is nou vir die eerste keer aangemeld. Die rede vir die nie-aanmelding is omdat vroue weet die polisie neem dit nie ernstig op nie.

Hulle is of traak-my-nie-agtig of hulle blameer vroue vir wat met hulle gebeur. Hulle is net so skuldig soos die mans wat verkrag.

Wat dit egter vir vroue sê, is dat ons verantwoordelik is vir ons eie veiligheid. Ons is op ons eie.

Voorverlede week was daar 'n sogenaamde sletmars (*slutwalk*) by die Universiteit Stellenbosch om mense van die verkragtingskultuur (persepsies, praktyke en stereotipes wat geweld teen vroue normaliseer) bewus te maak.

Sletmarse het in Kanada begin toe 'n polisieman vir 'n vrou wat 'n verkragting aangemeld het, gesê het as sy ordentlik aangetrek was, sou sy nie verkrag gewees het nie.

Sletmarse is vroue se terugeis van hul liggame en seksualiteit. Dit maak nie saak hoe 'n vrou aangetrek is nie – sy vra nie om verkrag te word nie.

As 'n man 'n drankie vir 'n vrou koop, hoef sy hom nie met seks te vergoed nie.

Hoekom sê ons vir vroue om hulself te beveilig? Hoekom sê ons nie vir mans om nie te verkrag nie?

As mans wil weet hoe hulle 'n bydrae kan maak, is dit om ander mans se gedrag uit te wys wat tot 'n verkragtingskultuur bydra.

Elke keer wanneer 'n man 'n opmerking oor 'n vrou se klere maak, oor haar voorkoms – opmerkings wat van haar 'n seksobjek maak – en ander mans bly stil, dra hulle by tot die bevordering van verkragtingskultuur.

Die man in die onlangse Spur-voorval is van baie dinge beskuldig, soos rassisme en seksisme en die gebruik van kru taal (die vrou is ook daarvan beskuldig).

Maar wat niemand al gesê het nie, is dat sy kru taal wys hoe hy deur sy taalgebruik (hy wou haar 'n p**sklap gee – die woord het hy twee keer gebruik) die vrou verneder en minag op 'n manier wat geen ander woord dit kan doen nie.

Nou wonder ek of dit vir sy vrou en vriende aanvaarbaar is dat hy hierdie woord gebruik.

As dit vir hom aanvaarbaar is om 'n wildvreemde vrou in die openbaar met geweld en hierdie woord te dreig, is dit seker ook aanvaarbaar teenoor vroue wat hy ken.

Dít is die gesig van die verkragtingskultuur.

En laat ons nie vergeet sy is swart nie. Ek keur nie haar taalgebruik goed nie, maar laat ons nie die koloniale en apartheidsbydrae tot die vermindering en vernedering van swart vroue en mans, om hulle te wys om hul plek te ken, vergeet nie.

'n Gerieflike aspek van kolonialisme is om te vergeet.

■ **Gouws is verbonde aan die departement politieke wetenskap van die Universiteit Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission